# SAKE-ONDERBREKING AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies wat volg op ‘n onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die perseel plaasvind ten opsigte waarvan betaling gedoen is of aanspreeklikheid erken is ingevolge:

1. die afdeling Brand van hierdie polis;
2. die afdeling Geboue Omvattend van hierdie polis;
3. die afdeling Kantoorinhoud van hierdie polis;
4. enige ander materiële skade-versekering wat die belang van die Versekerde dek;

maar slegs indien sodanige betaling of erkenning van aanspreeklikheid gedoen is ten opsigte van verlies of skade aan die versekerde eiendom deur een van die versekerde gevare soos hieronder gelys (verlies deur sodanige gevare sal hierna “Skade” genoem word) en soos omskryf in die afdelings Brand, Geboue Omvattend of Kantoorinhoud van hierdie polis:

- Brand;
- Weerlig of donderslag;
- Ontploffing;
- Aardbewing;
- Weer en water;
- Impak;
- Lekkasie vanuit enige sprinkelaar, drenkstelsel of brandblusinstallasie/-toestel;
- Insakking en grondverskuiwing;
- Kwaadwillige beskadiging;
- Oproer en staking (buiten RSA en Namibië);
- Kragstuwing;
- Lekkasie van olies en chemikalieë.

Aanspreeklikheid word as erken beskou indien sodanige betaling nie geskied nie bloot omdat daar van die Versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra in die vorm van ‘n Eerste Bedrag Betaalbaar.

Die Maatskappy stel die Versekerde skadeloos soos uiteengesit in die bewoording hieronder en gebaseer op die inligting wat in die bylae vervat is.

## OMSKRYWINGS

**Jaarlikse bruto huurgeld:** Sal beteken die Bruto Huurgeld gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die Skade maar verder aangepas soos uiteengesit in memorandum 1 hieronder.

**Jaarlikse inkomste/fooie:** Sal beteken die Inkomste/fooie gedurende die 12 maande onmiddellik

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

voor die datum van die Skade maar verder aangepas soos uiteengesit in memorandum 1 hieronder.

**Jaarlikse omset:** Sal beteken die Omset gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die Skade maar verder aangepas soos uiteengesit in memorandum 1 hieronder.

**Bruto huurgeld:** Sal beteken die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar deur huurders ten opsigte van huurgeld vir die perseel en vir dienste gelewer.

**Bruto wins (byvoegingsgrondslag):** Sal beteken die bedrag wat verkry word deur die Netto Wins te voeg by die bedrag van die Versekerde Vaste Koste of, indien daar geen Netto Wins is nie, die bedrag van die Versekerde Vaste Koste minus sodanige deel van enige netto handelsverlies in dieselfde verhouding as wat die bedrag van die Versekerde Vaste Koste tot alle vaste koste van die besigheid staan.

**Bruto wins (verskilgrondslag):** Sal beteken die bedrag waarmee

1. die som van die Omset en die bedrag van die eindvoorraad meer is as
2. die som van die bedrag van die beginvoorraad en die bedrag van die Onversekerde Koste.

Die bedrag van die begin- en eindvoorraad word vasgestel volgens die Versekerde se gewone rekeningkundige metodes nadat behoorlike voorsiening vir waardevermindering gemaak is.

**Skadeloosstellingstydperk:** Sal beteken die tydperk waartydens die resultate van die besigheid as gevolg van die Skade geraak word wat met die aanvang van die Skade begin en eindig nie later nie as die getal maande daarna in die bylae vermeld.

**Versekerde vaste koste:** Sal beteken die koste van die items soos in die bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word, dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in die rekeningboeke van die Versekerde).

**Netto wins:** Sal beteken die netto handelswins (met uitsluiting van alle kapitaalinkomste en -aanwas en alle uitgawes wat behoorlik teen kapitaal gedebiteer kan word) wat voortspruit uit die besigheid van die Versekerde by die perseel nadat behoorlik voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste, met inbegrip van waardevermindering, maar voor aftrekking van enige belasting wat teen die winste vorderbaar is.

**Plantmateriaal:** Sal beteken wingerde en verwante infrastruktuur insluitende, maar nie beperk nie tot, opleistelsels, stutpale en sprinkelaars.

**Bruto winskoers:** Sal beteken die Bruto Winskoers verdien op die Omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die Skade maar verder aangepas soos uiteengesit in memorandum 1 hieronder.

**Vaste koste-koers:** Sal beteken die persentasie waarin die Versekerde Vaste Koste staan tot die Omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die Skade, maar verder aangepas soos uiteengesit in memorandum 1 hieronder.

**Inkomste/fooie:** Sal beteken die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en dienste gelewer in die loop van die besigheid by die perseel.

**Standaard bruto huurgeld:** Sal beteken die Bruto Huurgeld gedurende daardie tydperk in die 12 maande onmiddellik voor die datum van die Skade wat ooreenstem met die Skadeloosstellingstydperk, maar verder aangepas soos uiteengesit in memorandum 1 hieronder.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

**Standaard inkomste/fooie:** Sal beteken die Inkomste/fooie gedurende daardie tydperk in die 12 maande onmiddellik voor die datum van die Skade wat ooreenstem met die Skadeloosstellingstydperk, maar verder aangepas soos uiteengesit in memorandum 1 hieronder.

**Standaard omset:** Sal beteken die Omset gedurende daardie tydperk in die 12 maande onmiddellik voor die datum van die Skade wat ooreenstem met die Skadeloosstellingstydperk, maar verder aangepas soos uiteengesit in memorandum 1 hieronder.

**Vaste koste alleenlik grondslag:** Sal beteken die bedrag van daardie Versekerde Vaste Koste wat aangegaan is en betaalbaar bly, maar, as daar geen Netto Wins is nie, die bedrag van die Versekerde Vaste Koste minus sodanige gedeelte van enige netto handelsverlies as die verhouding waarin die bedrag van die Versekerde Vaste Koste staan tot alle vaste koste van die besigheid.

**Omset:** Sal beteken die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en afgelewer en vir dienste gelewer in die loop van die besigheid by die perseel.

**Onversekerde koste:** Sal beteken die koste van die items soos in die bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word, dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in die rekeningboeke van die Versekerde).

# MEMORANDUM

1. Jaarlikse Bruto Huurgeld, Jaarlikse Inkomste, Jaarlikse Omset, Bruto Winskoers, Vaste Koste-koers, Standaard Bruto Huurgeld, Standaard Inkomste en Standaard Omset soos omskryf sal aangepas word indien nodig om voorsiening te maak vir die tendens van die besigheid en vir afwykings of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die Skade raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die Skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die Skade was nie.

2. Indien die Skade voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde van Jaarlikse Bruto Huurgeld, Jaarlikse Inkomste, Jaarlikse Omset, Bruto Winskoers, Vaste Koste-koers, Standaard Bruto Huurgeld, Standaard Inkomste en Standaard Omset bereken deur gebruik te maak van die waardes wat gelykstaan aan die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die Skade.

3. Indien goedere of dienste óf deur die Versekerde óf deur ander namens hom gedurende die Skadeloosstellingstydperk elders as by die perseel verkoop of gelewer word vir die voordeel van die besigheid, word die geld betaal of betaalbaar vir sodanige verkope of dienste in berekening gebring om die Omset, Inkomste of Bruto Huurgeld gedurende die Skadeloosstellingstydperk te bepaal

4. Alleenlik van toepassing op "Bruto Wins – byvoegingsgrondslag" en/of "Vaste Koste alleenlik grondslag": Indien enige vaste koste van die besigheid nie onder hierdie afdeling verseker is nie, dan in die berekening van die bedrag van verhoogde bedryfskoste verhaalbaar ingevolge enige van hierdie grondslae, sal slegs daardie gedeelte van die bykomende uitgawes in berekening gebring word as die verhouding waarin die som van die Netto Wins en die Versekerde Vaste Koste staan tot die som van die Netto Wins en alle vaste koste. Maar indien daar nie 'n Netto Wins is nie, sal slegs daardie gedeelte van die bykomende uitgawes in berekening gebring word as die verhouding waarin die Versekerde Vaste Koste minus enige handelsverlies staan tot alle vaste koste van die besigheid minus enige handelsverlies.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik. Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Die versekering ingevolge hierdie afdeling word gestaak indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word behalwe met die skriftelike toestemming van die Maatskappy.

2. By die plaasvind van enige Skade as gevolg waarvan 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel kan word, moet die Versekerde, benewens om te voldoen aan Algemene voorwaarde 6 en 7, met die nodige ywer alles doen en meehelp en toelaat dat dit gedoen word wat redelikerwys moontlik is om enige onderbreking of belemmering van die besigheid tot die minimum te beperk of te stuit of om die verlies te voorkom of te verminder en in geval 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, nie later nie as 30 dae ná die verstryking van die Skadeloosstellingstydperk of binne sodanige verdere tyd as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat, op sy eie onkoste aan die Maatskappy 'n skriftelike opgawe voorlê waarin besonderhede van sy eis vervat word saam met besonderhede van alle ander versekering wat die verlies of enige deel daarvan of gevolglike verlies van enige aard wat daaruit voortspruit, dek. Geen eis is ingevolge hierdie afdeling betaalbaar nie tensy die bepalings van hierdie spesifieke voorwaarde nagekom is en in geval van die nie-nakoming daarvan in enige opsig, moet enige betaling wat reeds vanweë hierdie eis gedoen is, onmiddellik aan die Maatskappy terugbetaal word.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Met inagneming van 'n fasiliteit wat bestaan onder:

1. die afdelings Brand, Geboue Omvattend en Kantoorinhoud met betrekking tot Skade weens kragstuwing;

2. die afdeling Elektroniese Toerusting (met betrekking tot Skade weens diefstal op 'n eerste verlies-grondslag) soos na verwys in die uitbreiding vir Elektroniese Toerusting hieronder;

3. die afdeling Glas soos na verwys in die uitbreiding vir Glas hieronder;

4. die afdeling Goedere in Transito soos na verwys in die uitbreiding vir Goedere in Transito hieronder;

5. die afdeling Geld soos na verwys in die uitbreiding vir Geld hieronder;

6. die afdeling Diefstal soos na verwys in die uitbreiding vir Diefstal hieronder

vir die Versekerde om te besluit om die versekerde eiendom te verseker vir 'n versekerde bedrag wat minder is as die volle waarde daarvan, sal die Maatskappy nie ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik wees nie vir enige uitgebreide tydperk van onderbreking uitsluitlik omrede die Versekerde nie oor die finansiële middele beskik nie of toegang het om die vereiste fondse te bekom nie om die beskadigde eiendom te vervang of te herstel wat nie ten volle verseker is nie.

# BRUTO WINS - verskilgrondslag (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot verlies aan Bruto Wins te wyte aan:

1. **vermindering in Omset**; en

2. **verhoging in bedryfskoste**;

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

1. **ten opsigte van 'n vermindering in Omset**, die bedrag verkry deur die Bruto Winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die Omset gedurende die Skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade by die Standaard Omset te kort skiet;

2. **ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste**, die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die Omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die Skade gedurende die Skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die som verkry deur die Bruto Winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy;

minus enige bedrag gedurende die Skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit die Bruto Wins betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die Skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van Bruto Wins minder is as die

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

bedrag wat verkry word deur die Bruto Winskoers toe te pas op die Jaarlikse Omset indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die Jaarlikse Omset indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

# BRUTO WINS – byvoegingsgrondslag (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot verlies aan Bruto Wins te wyte aan:

1. **vermindering in Omset**; en
2. **verhoging in bedryfskoste**;

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

1. **ten opsigte van 'n vermindering in Omset**, die bedrag verkry deur die Bruto Winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die Omset gedurende die Skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade by die Standaard Omset te kort skiet;
2. **ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste**, die bykomende uitgawes (onderhewig aan die bepalings van memorandum 4) noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die Omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die Skade gedurende die Skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die som verkry deur die Bruto Winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy;

minus enige bedrag gedurende die Skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die Versekerde Vaste Koste as wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die Skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van Bruto Wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die Bruto Winskoers toe te pas op die Jaarlikse Omset indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die Jaarlikse Omset indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

# BRUTO HUURGELD (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot:

1. **verlies aan Bruto Huurgeld**; en
2. **verhoging in bedryfskoste**;

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

1. **ten opsigte van die verlies aan Bruto Huurgeld**, die bedrag waarmee die Bruto Huurgeld gedurende die Skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade by die Standaard Bruto Huurgeld te kort skiet;
2. **ten opsigte van verhoging in bedryfskoste**, die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan Bruto Huurgeld wat as gevolg van die Skade gedurende die Skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, te vermy of te verminder, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan Bruto Huurgeld daardeur vermy;

minus enige bedrag gedurende die Skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit Bruto Huurgeld betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die Skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van Bruto Huurgeld minder is as die Jaarlikse Bruto Huurgeld indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die Jaarlikse Bruto Huurgeld indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# INKOMSTE/FOOIE (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot:

1. **verlies aan Inkomste/fooie**; en
2. **verhoging in bedryfskoste**;

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

1. **ten opsigte van die verlies aan Inkomste/fooie**, die bedrag waarmee die Inkomste/fooie gedurende die Skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade by die Standaard Inkomste/fooie te kort skiet;
2. **ten opsigte van verhoging in bedryfskoste**, die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan Inkomste/fooie wat as gevolg van die Skade gedurende die Skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, te vermy of te verminder, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan Inkomste/fooie daardeur vermy;

minus enige bedrag gedurende die Skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit Inkomste/fooie betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die Skade met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van Inkomste/fooie minder is as die Jaarlikse Inkomste/fooie indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die Jaarlikse Inkomste/fooie indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

# INKOMSTE/FOOIE VIR PLANTMATERIAAL (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot:

1. **verlies aan Inkomste/Fooie**; en
2. **verhoging in bedryfskoste**;

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

1. **ten opsigte van die verlies aan Inkomste/Fooie**, die bedrag waarmee die Inkomste/Fooie gedurende die Skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade by die Standaard Inkomste/Fooie te kort skiet;
2. **ten opsigte van verhoging in bedryfskoste**, die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan Inkomste/Fooie wat as gevolg van die Skade gedurende die Skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, te vermy of te verminder, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan Inkomste/Fooie daardeur vermy;

minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit Inkomste/Fooie betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die Skade met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van Inkomste/Fooie minder is as die Jaarlikse Inkomste/Fooie indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die Jaarlikse Inkomste/Fooie indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

# VASTE KOSTE ALLEENLIK GRONDSLAG (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die verlies deur die Versekerde gely met betrekking tot die betaling van Versekerde Vaste Koste as gevolg van:

1. **vermindering in Omset**; en

2. **verhoging in bedryfskoste**;

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

1. **ten opsigte van die vermindering in Omset**, die bedrag verkry deur die Vaste Koste-koers toe te pas op die bedrag waarmee die Omset gedurende die Skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade by die Standaard Omset te kort skiet;

2. **ten opsigte van verhoging in bedryfskoste**, die bykomende uitgawes (onderhewig aan die bepalings van memorandum 4) noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies in Omset wat as gevolg van die Skade gedurende die Skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, te vermy of te verminder, maar hoogstens die som verkry deur die Vaste Koste-koers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy;

minus enige bedrag gedurende die Skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die Versekerde Vaste Koste wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die Skade met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van die Versekerde Vaste Koste minder is as die bedrag wat verkry word deur die Vaste Koste-koers toe te pas op die Jaarlikse Omset indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die Jaarlikse Omset indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

# BYKOMENDE VERHOGING IN BEDRYFSKOSTE (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot redelike bykomende uitgawes (nie verhaalbaar ingevolge ander items nie) wat met die toestemming van die Maatskappy aangegaan word gedurende die Skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade ten einde die gewone bedryf van die besigheid in stand te hou.

# LONE (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die verlies wat deur die Versekerde gely word weens die betaling van die lone vir die tydperk wat begin met die plaasvind van die Skade en nie langer daarna voortduur nie as die gespesifiseerde aantal weke in die bylae langs die term "Lone skadeloosstellingstydperk (weke)".

Die bedrag wat as skadeloosstelling ingevolge hierdie item betaalbaar is, is die werklike bedrag wat die Versekerde vir sodanige tydperk as lone betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die Skade hoegenaamd nie deur die Versekerde benut kan word nie en 'n billike gedeelte van die lone wat vir sodanige tydperk aan werknemers betaal word wie se dienste as gevolg van die Skade nie ten volle deur die Versekerde benut kan word nie. Met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag van hierdie item minder is as die totale bedrag wat gedurende die gespesifiseerde aantal weke onmiddellik ná die Skade aan lone betaal sou gewees het indien die Skade nie voorgekom het nie.

# LONE VIR PLANTMATERIAAL (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die verlies wat deur die Versekerde gely word weens die betaling van die lone vir die tydperk wat begin met die plaasvind van die Skade en nie langer daarna voortduur nie as die gespesifiseerde aantal weke in die bylae langs die term "Lone skadeloosstellingstydperk (weke)".

Die bedrag wat as skadeloosstelling ingevolge hierdie item betaalbaar is, is die werklike bedrag wat

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

die Versekerde vir sodanige tydperk as lone betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die Skade hoegenaamd nie deur die Versekerde benut kan word nie en 'n billike gedeelte van die lone wat vir sodanige tydperk aan werknemers betaal word wie se dienste as gevolg van die Skade nie ten volle deur die Versekerde benut kan word nie. Met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag van hierdie item minder is as die totale bedrag wat gedurende die gespesifiseerde aantal weke onmiddellik ná die Skade aan lone betaal sou gewees het indien die Skade nie voorgekom het nie.

# BOETES EN STRAFTOEKENNINGS (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk en die bedrag as skadevergoeding hierkragtens betaalbaar is die bedrag waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is en word betaal ter aflossing van boetes en straftoekennings wat uitsluitlik as gevolg van Skade vir nie-voltooiing of laat voltooiing van bestellings opgelê word.

# BOETES EN STRAFTOEKENNINGS VIR KONTRAKBREUK VIR PLANTMATERIAAL

(indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk en die bedrag as skadevergoeding hierkragtens betaalbaar is die bedrag waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is en word betaal ter aflossing van boetes en straftoekennings wat uitsluitlik as gevolg van Skade vir nie-voltooiing of laat voltooiing van bestellings opgelê word.

# WYNVOORRAAD (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item is beperk tot Skade aan Wynvoorraad wat deur die Versekerde besit word of waarvoor hulle verantwoordelik is, met dien verstande dat:

1. Die Versekerde ander eiendom (buiten geboue) onder die Brandafdeling verseker het;

2. Skade aan wynvoorraad is beperk tot daardie versekerde gevare wat as verseker geselekteer is onder die Brandafdeling vir sodanige ander eiendom;

3. Die volgende soos vervat onder die Brandafdeling is van toepassing op hierdie versekerde item:

    3.1 Spesifieke voorwaarde van eweredigheid;

    3.2 Handelsname en etikette (slegs indien in die Brandafdeling as ingesluit vermeld);

    3.3 Klousule vir Wegdoen met wrakgoedere (slegs indien in die Brandafdeling as ingesluit vermeld);

    3.4 Werkersklousule.

# UITBREIDINGS EN KLOUSULES

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## Toevallige skade (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende omskrewe gebeurtenis word bygevoeg:

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

“Verlies ná onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die persele plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge omskrewe gebeurtenis 1 van die afdeling Toevallige Skade van hierdie polis (o o k Skade genoem) met dien verstande dat:

1. die bepaling, ingevolge enige item van hierdie afdeling, dat die betaling dienooreenkomstig verminder word indien die versekerde bedrag van toepassing op die item onvoldoende is, geskrap word ten opsigte van hierdie omskrewe voorval;

2. die Maatskappy nie meer betaal nie as die versekerde bedrag vermeld in die bylae van die afdeling Toevallige Skade vir beide hierdie afdeling en die afdeling Toevallige Skade tesame.”

## Klousule: Rekenmeesters

Enige gegewens of besonderhede wat in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente vervat word en wat deur die Maatskappy benodig mag word ingevolge hierdie afdeling met die doel om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die Versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hul sertifikaat is prima facie bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

## Klousule: Opgehoopte voorraad

Met die berekening van enige verlies word dit in ag geneem, en ’n billike voorsiening word gemaak, indien enige tekort in Omset of Inkomste te wyte aan die Skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die Omset of Inkomste tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

## Hoofhuurders (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van Skade (soos hierin omskryf) by die persele van daardie hoofhuurders in die bylae vermeld, in dieselfde kompleks as wat deur die Versekerde geokkupeer word en wat aanleiding gee tot 'n staking of vermindering in handel as gevolg van die tydelike wegval van klandisie, sal geag word om verlies te wees as gevolg van Skade aan eiendom van die Versekerde by die perseel.

## Klousule: Departemente

Indien die besigheid in departemente of takke bedryf word waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is, geld die bepalings ingevolge items Bruto Wins, Bruto Huurgeld, Inkomste/Fooie, Inkomste/Fooie vir plantmateriaal of Vaste Koste alleenlik grondslag wat verband hou met verlaging in Omset/Bruto Huurgeld/Inkomste en verhoging in bedryfskoste afsonderlik vir elke departement of tak wat deur die Skade geraak word, behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur die betrokke item minder is as die totaal van die Jaarlikse Bruto Huurgeld, Jaarlikse Inkomste ontvangbaar verkry deur die Bruto Winskoers / Vaste Koste-koers vir elke departement of tak van die besigheid, hetsy deur die Skade geraak al dan nie, toe te pas op die betrokke Jaarlikse Omset daarvan (of op ‘n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die aantal maande waarna in die omskrywing van Skadeloosstellingstydperk verwys word, 12 maande oorskry).

## Klousule: Depositopremie (slegs van toepassing indien die woorde “Depositopremie (%)” en ‘n persentasie bedrag aangedui is in die bylae onder die items wat hieronder vermeld word)

Met inagneming daarvan dat die premie ingevolge die items Bruto Wins, Bruto Huurgeld, Inkomste/Fooie, Inkomste/Fooie vir plantmateriaal of Vaste Koste alleenlik grondslag voorlopig is omdat dit bereken word op die persentasie (soos in die bylae vermeld) van die versekerde bedrag, is die premie soos volg onderworpe aan aanpassing by die verstryking van elke versekeringstydperk (of na twaalf agtereenvolgende maande vanaf die intreedatum of hernuwingsdatum indien die polis deur middel van maandelikse debietorder betaal word):

In geval die Bruto Wins/ Bruto Huurgeld/ Inkomste/Fooie wat verdien is of Vaste Koste aangegaan (na verhouding verhoog indien die aantal maande waarna in die omskrywing van die Skadeloosstellingstydperk verwys word, 12 oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige versekeringstydperk (of die ekwivalente twaalf agtereenvolgende maande vanaf

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

die intreedatum of hernuwingsdatum indien die polis deur middel van maandelikse debietorder betaal word), minder of meer is as die persentasie (soos in die bylae vermeld) van die bedrag waarteen dit verseker is, word pro rata-terugbetalings- of bykomende premie wat nie 33⅓ persent oorskry van die voorlopige premie wat vir sodanige versekeringstydperk betaal is nie, ten opsigte van die verskil betaal.

In geval 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, word die bedrag wat daarop betaal of betaalbaar is, as werklik verdien beskou.

## Klousule: Depositopremie (wynvoorraad)

Met inagneming daarvan dat die premie ingevolge die item vir Wynvoorraad voorlopig is omdat dit bereken word op die persentasie (soos in die bylae vermeld) van die versekerde bedrag, is die premie onderworpe aan aanpassing by die verstryking van elke versekeringstydperk (of na twaalf agtereenvolgende maande vanaf die intreedatum of hernuwingsdatum indien die polis deur middel van maandelikse debietorder betaal word) met die volle waarde van die wyn wat in voorraad gehou word en gedurende daardie tydperk verkoop word.

Indien daar ná die plaasvind van Skade gevind word dat die bedrag van die laaste verklaring minder is as die bedrag wat verklaar moes gewees het, word die bedrag wat deur die Versekerde verhaalbaar sou wees in sodanige verhouding verminder as dié wat die bedrag van die genoemde verklarings uitmaak van die bedrag wat verklaar moes gewees het, of tot die versekerde bedrag, wat ook al die kleinste bedrag is. Indien van toepassing, werk die bepalings van hierdie voorwaarde kumulatief saam met die bepalings van die spesifieke voorwaarde wat betrekking het op eweredigheid.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag en die premie is nie ontvangbaar ten opsigte van waardes wat dit oorskry nie.

## **Elektroniese toerusting** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Met betrekking tot hierdie uitbreiding alleenlik word die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling soos volg herbewoord:

"Verlies wat volg op onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid aanvaar is ingevolge die afdeling Elektroniese Toerusting van hierdie polis (sodanige skade ingevolge die afdeling Elektroniese Toerusting sal ook in hierdie afdeling as "Skade" bekend staan) en aanspreeklikheid sal geag word ingevolge die afdeling Elektroniese Toerusting aanvaar te wees indien sodanige betaling nie geskied nie bloot omdat daar van die Versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra in die vorm van 'n Eerste Bedrag Betaalbaar."

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ingevolge hierdie uitbreiding soos uiteengesit in die oorblywende gedeelte van die bewoording van hierdie afdeling en gebaseer op die inligting wat in die bylae vervat is.

## **Glas** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Met betrekking tot hierdie uitbreiding alleenlik word die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling soos volg herbewoord:

"Verlies wat volg op onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid aanvaar is ingevolge die afdeling Glas van hierdie polis (sodanige skade ingevolge die afdeling Glas sal ook in hierdie afdeling as "Skade" bekend staan) en aanspreeklikheid sal geag word ingevolge die afdeling Glas aanvaar te wees indien sodanige betaling nie geskied nie bloot omdat daar van die Versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra in die vorm van 'n Eerste Bedrag Betaalbaar."

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ingevolge hierdie uitbreiding soos uiteengesit in die oorblywende gedeelte van die bewoording van hierdie afdeling en gebaseer op die inligting wat in die bylae vervat is.

## **Goedere in transito** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Met betrekking tot hierdie uitbreiding alleenlik word die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling soos volg

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

herbewoord:

“Verlies wat volg op onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid aanvaar is ingevolge die afdeling Goedere in Transito van hierdie polis (sodanige skade ingevolge die afdeling Goedere in Transito sal ook in hierdie afdeling as “Skade” bekend staan) en aanspreeklikheid sal geag word ingevolge die afdeling Goedere in Transito aanvaar te wees indien sodanige betaling nie geskied nie bloot omdat daar van die Versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra in die vorm van ‘n Eerste Bedrag Betaalbaar.”

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ingevolge hierdie uitbreiding soos uiteengesit in die oorblywende gedeelte van die bewoording van hierdie afdeling en gebaseer op die inligting wat in die bylae vervat is.

## Handelsverlies (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van Skade (soos hierin omskryf) aan eiendom wat deel uitmaak van, of gehou word in die kompleks waarvan die versekerde persele deel uitmaak en wat aanleiding gee tot 'n staking of vermindering in handel van die Versekerde se besigheid as gevolg van die tydelike wegval van moontlike klandisie, óf die perseel of eiendom van die Versekerde daarin beskadig word, óf nie, sal geag word om verlies te wees as gevolg van Skade aan eiendom van die Versekerde by die perseel.

## Geld (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Met betrekking tot hierdie uitbreiding alleenlik word die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling soos volg herbewoord:

“Verlies wat volg op onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid aanvaar is ingevolge die afdeling Geld van hierdie polis (sodanige skade ingevolge die afdeling Geld sal ook in hierdie afdeling as “Skade” bekend staan) en aanspreeklikheid sal geag word ingevolge die afdeling Geld aanvaar te wees indien sodanige betaling nie geskied nie bloot omdat daar van die Versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra in die vorm van ‘n Eerste Bedrag Betaalbaar.”

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ingevolge hierdie uitbreiding soos uiteengesit in die oorblywende gedeelte van die bewoording van hierdie afdeling en gebaseer op die inligting wat in die bylae vervat is.

## Klousule: Produksie (alternatiewe grondslag)

Na die keuse van die Versekerde mag die woord “produksie” die woord “Omset” vervang en vir die doeleindes van hierdie afdeling beteken produksie die verkoop- of oordragwaarde, soos in die Versekerde se boeke aangedui, van goedere wat deur die Versekerde by die perseel vervaardig of verwerk is, met dien verstande dat:

1. slegs die betekenis van produksie of die betekenis van Omset geld in verband met enige enkele gebeurtenis wat onderbreking tot gevolg het;

2. indien die betekenis van produksie gebruik word

   2.1 dan geld die klousule insake die opgehoopte voorraad nie;

   2.2 dan sal memorandum 3 direk na die omskrywings soos volg lees:

   “Indien goedere òf deur die Versekerde òf deur ander namens hom gedurende die Skadeloosstellingstydperk elders as by die perseel vervaardig of verwerk word vir die voordeel van die besigheid, word die verkoop of oordrag van sodanige goedere in berekening gebring om die produksie gedurende die Skadeloosstellingstydperk te bepaal.”

## Klousule: Verkoop van wrakgoedere

Indien die Versekerde gedurende die Skadeloosstellingstydperk ’n bergingsverkoping hou, lees die tweede punt 1 van die Bruto Wins item vir die doeleindes van sodanige eis soos volg:

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan kort veranderinge

1. **ten opsigte van vermindering in Omset**, die bedrag verkry deur die Bruto Winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die Omset gedurende die Skadeloosstellingstydperk (minus die Omset van die verkoping van wrakgoedere) as gevolg van die Skade by die Standaard Omset te kort skiet, van welke totaal die werklike Bruto Wins wat van die verkoping van wrakgoedere verdien is, afgetrek word.

## Diefstal (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Met betrekking tot hierdie uitbreiding alleenlik word die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling soos volg herbewoord:

“Verlies wat volg op onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid aanvaar is ingevolge die afdeling Diefstal van hierdie polis (sodanige skade ingevolge die afdeling Diefstal sal ook in hierdie afdeling as “Skade” bekend staan) en aanspreeklikheid sal geag word ingevolge die afdeling Diefstal aanvaar te wees indien sodanige betaling nie geskied nie bloot omdat daar van die Versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra in die vorm van ‘n Eerste Bedrag Betaalbaar.”

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ingevolge hierdie uitbreiding soos uiteengesit in die oorblywende gedeelte van die bewoording van hierdie afdeling en gebaseer op die inligting wat in die bylae vervat is.

## Klousule: Wynkelder

In die geval waar die besigheid ‘n wynkelder is, word die omskrywing van Inkomste vir daardie gedeelte van die besigheid wat verband hou met die wynkelder soos volg verander:

- Netto betaling bereken op tonnemaat gelewer/gebruik
- Plus – Vaste koste
- Plus – Koöperatiewe kommissie vir spesifieke poel
- Plus – Uitgawes alreeds aangegaan
- Minus – Enige bedrag bespaar gedurende die skadeloosstellingstydperk met betrekking tot sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat gestaak of verminder is as gevolg van die skade.

## Uitbreidings na ander persele

Verlies, soos verseker deur hierdie afdeling, wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van Skade (soos hierin omskryf) by die ondergemelde liggings of aan die eiendom wat hieronder aangedui is, word geag verlies te wees wat voortspruit uit Skade aan eiendom wat deur die Versekerde by die perseel gebruik word, met dien verstande dat die Uitbreidings na ander persele nie van toepassing is nie op die Elektroniese toerusting uitbreiding, Glas uitbreiding, Geld uitbreiding of Diefstal uitbreiding:

- **Bykomende persele**

  Indien die Versekerde gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling enige nuut toegevoegde perseel binne die Republiek van Suid-Afrika of Namibië okkupeer of eiendom daarop het vir die doeleindes van die besigheid, word sodanige nuut toegevoegde perseel geag ingesluit te wees by dié wat gespesifiseer is, onderworpe aan kennisgewing daarvan aan die Maatskappy so gou dit redelikerwys moontlik is en ’n aanpassing van die premie indien nodig.

- **Kontrakterreine**

  Enige ligging binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek wat nie deur die Versekerde geokkupeer word nie waar die Versekerde ’n kontrak uitvoer.

- **Verhindering van toegang** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

  Eiendom binne ’n radius soos in die bylae vermeld vanaf die **Versekerde se perseel** (op

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

voorwaarde dat sodanige eiendom steeds binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek is) waarvan vernietiging of Skade daaraan die gebruik van of toegang tot die perseel verhinder of belemmer, hetsy die perseel of die Versekerde se eiendom daarin beskadig is, of nie.

- **Verhindering van toegang – uitgebreide dekking** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

  Eiendom binne 'n radius soos in die bylae vermeld vanaf die **perseel** (op voorwaarde dat sodanige eiendom steeds binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek is) waarvan die vernietiging of Skade daaraan die gebruik van of toegang tot die perseel verhinder of belemmer, hetsy die perseel of die Versekerde se eiendom daarin beskadig is, of nie.

  Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding sal "**perseel**" beteken:

  1. Die persele van daardie gespesifiseerde verskaffers/subkontrakteurs in die uitbreiding: "Gespesifiseerde verskaffers/subkontrakteurs", maar slegs indien sodanige uitbreiding vermeld is as ingesluit in die bylae;
  2. Die persele van ongespesifiseerde verskaffers, maar slegs indien die uitbreiding: "Ongespesifiseerde verskaffers" vermeld is as ingesluit in die bylae;
  3. Eiendom van die Versekerde terwyl geberg soos verseker deur die uitbreiding: "Berging, transito en voertuie";
  4. Kontrakterreine soos verseker deur die uitbreiding: "Kontrakterreine";
  5. Die persele van daardie gespesifiseerde klante in die uitbreiding: "Gespesifiseerde klante" maar slegs indien sodanige uitbreiding vermeld is as ingesluit in die bylae;
  6. Die persele van ongespesifiseerde klante, maar slegs indien die uitbreiding: "Ongespesifiseerde klante" vermeld is as ingesluit in die bylae;
  7. Openbare dienste se persele, maar slegs indien die uitbreidings: "Openbare dienste – versekerde gevare" of "Openbare dienste - uitgebreide dekking" vermeld is as ingesluit in die bylae;
  8. Openbare telekommunikasie se persele, maar slegs indien die uitbreidings: "Openbare telekommunikasie – versekerde gevare" of "Openbare telekommunikasie - uitgebreide dekking" vermeld is as ingesluit in die bylae.

- **Openbare telekommunikasie – versekerde gevare** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

  1. Eiendom op die persele van enige openbare owerheid wat regtens gemagtig is om 'n telekommunikasiefasiliteit aan die Versekerde te verskaf.
  2. Die transmissiefasiliteitnetwerk van die openbare owerheid in 1 hierbo vermeld;

  op voorwaarde dat die eiendom wat hierbo beskryf word, geleë is binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek.

- **Openbare dienste – versekerde gevare** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

  Eiendom by kragstasies, substasies of transmissienetwerke, gasfabrieke insluitende die verwante gasverspreidingsnetwerk, watersuiweringsaanlegte, pompstasies, waterleidings en pypleidings (op voorwaarde dat sodanige eiendom steeds geleë is binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek) van 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te verskaf vir openbare gebruik en wat lei tot 'n toevoeronderbreking van water, gas of elektrisiteit by die perseel van die Versekerde.

- **Gespesifiseerde klante** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

  Die persele van die klante wat in die bylae gespesifiseer word, onderworpe aan die afhanklikheidsfaktor(e) en versekerde bedrae per klant vermeld in die bylae.

- **Gespesifiseerde verskaffers** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Die persele van die verskaffers en subkontrakteurs wat in die bylae gespesifiseer word, onderworpe aan die afhanklikheidsfaktor(e) en versekerde bedrae per verskaffer/subkontrakteur vermeld in die bylae.

- **Berging, transito en voertuie**

  Eiendom van die Versekerde terwyl dit geberg word of terwyl dit per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg vervoer word of wat die motorvoertuie van die Versekerde is op 'n ander plek as by die perseel wat deur die Versekerde geokkupeer word, op voorwaarde dat sodanige eiendom steeds geleë is binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek.

- **Ongespesifiseerde klante** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

  Die persele van enige van die Versekerde se direkte klante wat nie ingevolge die uitbreiding vir gespesifiseerde klante gespesifiseer is nie, op voorwaarde dat sodanige persele geleë is binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek en onderworpe aan die afhanklikheidsfaktor en versekerde bedrag soos vermeld in die bylae wat die maksimum per klant sal wees.

- **Ongespesifiseerde verskaffers** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

  Die persele van enige van die Versekerde se direkte verskaffers, vervaardigers of verwerkers van komponente, goedere of materiaal wat nie ingevolge die uitbreiding vir gespesifiseerde verskaffers/subkontrakteurs gespesifiseer is nie, op voorwaarde dat sodanige persele geleë is binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek en onderworpe aan die afhanklikheidsfaktor en versekerde bedrag soos vermeld in die bylae wat die maksimum per verskaffer sal wees. Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding, sal die perseel van enige openbare verskaffingsonderneming waarvandaan die Versekerde elektrisiteit, gas of water verkry, nie as 'n verskaffer geag word nie en sal dit nie ingesluit wees in die dekking wat verskaf word nie.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker voortspruitend uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die onderbreking van die openbare telekommunikasiefasiliteite na die Versekerde se persele word geag om voort te spruit uit Skade (soos hierin omskryf), met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek wat voortspruit uit Skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

1. droogte;
2. 'n fout by enige deel van die installasie by die persele wat aan die Versekerde behoort;
3. 'n besluit van enige owerheid om die telekommunikasiefasiliteit regtens van die Versekerde te weerhou tensy sodanige besluit regstreeks toeskryfbaar is aan Skade aan die eiendom van sodanige owerheid;
4. enige gebeurtenis in die Algemene uitsluitings van die Algemende afdeling omskryf, maar dekking soos verskaf deur die Kwaadwillige Beskadiging gevaar van hierdie polis is nie uitgesluit nie;
5. enige gebeurtenis by Openbare telekommunikasiefasiliteite wat geleë is buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek.

Met betrekking tot die onderbreking of belemmering van die besigheid wat te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie vir onderbreking of belemmering van die besigheid, tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur duur vanaf die aanvang daarvan.

## Openbare dienste – uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van 'n algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare toevoer van water, gas of elektrisiteit na

die Versekerde se perseel word geag om voort te spruit uit Skade (soos hierin omskryf) met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek wat voortspruit uit Skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

1. droogte;
2. waterbesoedeling;
3. ‘n brandstof- of watertekort;
4. ‘n fout in enige deel van die installasie by die perseel wat aan die Versekerde behoort;
5. ‘n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit regstreeks toe te skryf is aan Skade aan die eiendom van sodanige owerheid;
6. enige gebeurtenis in die Algemene uitsluitings van die Algemene afdeling omskryf, maar dekking wat verskaf is deur die Kwaadwillige Beskadiging gevaar van hierdie polis is nie uitgesluit nie;
7. enige gebeurtenis by Openbare dienste wat geleë is buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek.

Indien die onderbreking of belemmering van die besigheid te wyte is aan ’n meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie vir onderbreking of belemmering van die besigheid, tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur vanaf die aanvang daarvan, duur.

# BYKOMENDE UITBREIDINGS VIR GASTEHUISE EN JAGHUISE

Die volgende bykomende uitbreidings is slegs van toepassing op daardie gedeelte van die risiko op die versekerde Perseel wat met die gastehuis en.of jaghuis verband hou indien verseker ingevolge hierdie afdeling:

## Onklaarraking van hulpkrag (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die versuim van die hulpkragaanleg om te funksioneer in die geval van die onklaarraking van die hoofelektrisiteitsvoorsieningsnetwerk waarvandaan die Versekerde normaalweg sy krag verkry, word geag as synde deur Skade (soos hierin omskryf) veroorsaak te wees, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek as gevolg van Skade regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur die volgende nie:

1. gebrek aan instandhouding of versuim om sodanige toerusting op ‘n weeklikse grondslag te toets;
2. normale slytasie of geleidelike agteruitgang;
3. ‘n tekort aan brandstof of die verkeerde brandstofvoorsiening;
4. ‘n pap battery of battery-onklaarraking wanneer die toerusting aangeskakel word.

## Kansellasie van Besprekings (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om die verlies van die waarde van deposito’s te dek wat ontvang is vir die reservering of verblyfbespreking as gevolg van die terugbetaling van sodanige deposito’s nadat die betrokke bespreking verkort is weens ’n oorsaak wat hieronder gelys word, op voorwaarde dat sodanige deposito’s nie verhaal kan word nie van enige ander bron deur of namens die persoon(e) wat dit kanselleer of verkort:

1. Toevallige besering, siekte of dood van
   1.1 die persoon vir wie die verblyf bespreek is of enige persoon saam met wie hy/sy gereël het om te reis;
   1.2 ’n naasbestaande, verloofde of naby besigheidskollega van die gas.
2 Swangerskap van die gas se gade;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

3 Verpligte kwarantyn of jurie in ’n hof wat geld vir die gas of enige persoon saam met wie hy/sy gereël het om te reis;

4 Die permanente woning van die gas wat verlore gaan of beskadig is deur brand, storm, wind, water, hael, sneeu, aardbewing of diefstal of enige poging daartoe, wat hom/haar noodsaak om huis toe te gaan;

5 Enige amptelike vereiste deur ’n wettig ingestelde owerheid vir die gas om nooddiens in die weermag, mediese of openbare diens te gaan lewer.

Met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir eise waar ten tye van die bespreking:

1. die gas bewus was van enige mediese toestand of reeks omstandighede wat redelikerwys verwag kon word om daartoe te lei dat die bespreking gekanselleer of verkort word;
2. enige persoon wie se toestand tot ‘n eis lei en wie behandeling ontvang het of op ’n waglys was vir of kennis gedra het van die noodsaaklikheid vir die behandeling as binnepasiënt in ’n hospitaal of verpleeginrigting;
3. enige persoon wie se toestand tot ’n eis lei en wie reis teen die advies van ’n mediese praktisyn;
4. enige persoon wie se toestand tot ’n eis lei en wie gereis het met die doel om mediese behandeling in die buiteland te ontvang;
5. enige persoon wie se toestand tot ’n eis lei en wie gedurende die vorige 12 maande aan enige chroniese en/of herhalende siekte van ’n ernstige aard gely het wat konsultasie of behandeling genoodsaak het.

## Gebeurlikheid Sake-onderbreking (GSO) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Skade (soos hierin omskryf) word geag verlies in te sluit wat volg op die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van:

1. moord, selfmoord, gewapende roof of kwaadwillige aktiwiteite by die Versekerde se persele;
2. kos- of drankvergiftiging by die Versekerde se persele;
3. die sluit van die persele as gevolg van skadelike gasse binne ‘n radius vanaf die Versekerde se persele soos in die bylae vermeld, op bevel van die bevoegde plaaslike, munisipale, streeks- or regeringowerheid wat vir die area verantwoordelik is;
4. ongunstige weersomstandighede binne ’n radius vanaf die Versekerde se persele soos in die bylae vermeld, van voldoende intensiteit en/of omvang met die potensiaal om skade aan eiendom of besering aan persone te veroorsaak;
5. die besoedeling van enige see, strand, waterweg, dam of rivier binne ’n radius vanaf die Versekerde se persele soos in die bylae vermeld;
6. haai- of wilde dier-aanval binne ’n radius vanaf die Versekerde se persele soos in die bylae vermeld;
7. ’n bomaanval binne ’n radius vanaf die Versekerde se persele soos in die bylae vermeld;
8. die sluit van die persele as gevolg van ongedierte, pes of foutiewe sanitêre geriewe by die Versekerde se persele op bevel van die bevoegde plaaslike, munisipale, streeks- or regeringowerheid wat vir die area verantwoordelik is;
9. aansteeklike of besmetlike aanmeldbare siekte binne ’n radius vanaf die Versekerde se persele soos in die bylae vermeld, met dien verstande dat die munisipale, streeks-, plaaslike of regeringsowerheid wat vir die gebied verantwoordelik is, verklaar het dat ’n aanmeldbare mediese toestand of oordraagbare siekte in die area bestaan en/of kwarantynregulasies in plek gestel het en/of opgetree het om toegang tot die area te beperk ingevolge enige plaaslike, munisipale or nasionale wetgewing, verordening or regulasie wat betrekking het op openbare gesondheid en veiligheid;
10. dagvaarding teen die Versekerde of die Versekerde se direkteure, vennote of werknemers om as getuie in hofverrigtinge te verskyn;

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding

1. beteken “Skadeloosstellingstydperk” die tydperk wat ’n aanvang neem met die plaasvind van 1, 2, 4, 5, 6, 7 of 10 hierbo of vir 3, 8 en 9 die datum waarop beperkings op die persele geplaas is en wat eindig nie later nie as die aantal maande in die bylae aangedui teenoor “Skadeloosstellingstydperk” vir hierdie uitbreiding;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

2. beteken “Versekerde se persele” daardie liggings wat in die bylae as die Versekerde se persele gelys word en sluit dit nie die persele in nie van enige persele ingevolge die uitbreiding vir “uitbreiding na ander persele” of enige ander uitbreiding nieteenstaande die feit dat hierdie versekering andersins mag uitgebrei wees om sodanige persele in te sluit;

3. beteken “aansteeklike of besmetlike aanmeldbare siekte” ‘n ongesteldheid opgedoen deur enige persoon as gevolg van ’n menslik besmetlike of menslik aansteeklike siekte, ’n uitbreek ten opsigte waarvan die munisipale, streeks-, plaaslike of regeringsowerheid bepaal het dat kennis daarvan aan hulle gegee word, met uitsluiting van Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS) of VIGS-verwante toestand.

Die dekking wat deur hierdie uitbreiding verleen word, sluit nie enige koste in wat ontstaan uit die skoonmaak, herstel of herroeping of nagaan van die Versekerde se persele nie.

## Dranklisensie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan kleinveranderinge

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van ’n lisensie, wat toegestaan is ten opsigte van die persele, vir die verkoop van kleinhandel of belasbare drank, wat opgeskort of verbeur word onder die bepalings van die toepaslike wetgewing wat sodanige lisensies beheer of die weiering van die hernuwing daarvan na behoorlike aansoek vir sodanige hernuwing aan die toepaslike owerheid op enige tydstip gedurende die versekeringstydperk, welke opskorting, verbeuring of geweierde hernuwing veroorsaak word deur redes buite die beheer van die Versekerde, met dien verstande dat:

1. indien die Versekerde geregtig is op die betaling van vergoeding ingevolge die bepalings van enige parlementswetgewing ten opsigte van die weiering om die lisensie te hernu, geen eis ingevolge hierdie afdeling sal ontstaan nie;

2. in die geval van dood, bankrotskap, onbevoegdheid, drossery van die persele of skuldigbevinding aan enige oortreding waar sodanige skuldigbevinding die karakter of reputasie van die skuldigbevinde persoon ten opsigte van sy eerlikheid, morele karakter of soberheid van die huurder, bestuurder, okkupeerder of lisensiehouer skaad, die Versekerde, waar doenlik en op versoek van die Maatskappy, ’n geskikte persoon in diens sal neem om hom te vervang en aan wie die gereg die lisensie sal oordra of die lisensie deur hernuwing sal toeken;

3. indien die verbeuring van of weiering om die lisensie te hernu gedeeltelik of in die geheel veroorsaak word deur of as gevolg van die wanoptrede of bemiddeling of oogluikende toelating of nalating of versuim van die Versekerde of deur enige versuim van die Versekerde om enige nodige aksie te neem om die lisensie van krag te hou, geen eis ingevolge hierdie afdeling sal ontstaan nie tensy die Versekerde of enige ander eiser hieringevolge tot die Maatskappy se redelike bevrediging kan bewys dat sodanige kwessie buite sy of hulle mag of beheer was;

4. indien die geweierde hernuwing, opskorting of verbeuring van die lisensie regstreeks of onregstreeks ontstaan as gevolg van enige skema van stads- of streeksbeplanning, verbetering of herontwikkeling, verpligte koop of vanweë ’n wetswysiging wat die verlening, afstanddoening, weiering om te hernu, opskorting of verbeuring van die lisensie raak, geen eis ingevolge hierdie afdeling sal ontstaan nie;

5. die Versekerde sal, wanneer hy bewus word van enige:

   5.1 klagte teen die persele of die beheer daaroor;

   5.2 regstappe teen of die skuldigbevinding van die lisensiehouer, bestuurder, huurder of okkupeerder van die persele, vir die oortreding van lisensiewetgewing of enige aangeleentheid hoegenaamd waardeur die karakter of reputasie van die betrokke persoon geraak of in twyfel getrek word ten opsigte van sy eerlikheid, morele karakter of soberheid;

   5.3 oordrag of voorgestelde oordrag van die lisensie;

   5.4 wysiging van die doel waarvoor die persele gebruik word;

   5.5 teenkanting teen hernuwing of ander omstandighede wat die lisensie of die hernuwing daarvan in gevaar kan stel

   onmiddellik skriftelike kennis daarvan aan die Maatskappy gee en sodanige addisionele inligting verskaf en bystand verleen as wat die Maatskappy redelikerwys mag verlang.

## Verlies van aantrekking van sleutel toerisme-aantreklikhede (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van Skade (soos hierin omskryf) by die persele van daardie sleutel toerisme-aantreklikheid in die bylae vermeld, sal geag word om verlies te wees as gevolg van Skade (soos hierin omskryf) aan eiendom wat deur die Versekerde by die perseel gebruik word.

## **Verlies van wild** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die vrekte van wild deur 'n bosbrand of wilde brand word geag as synde uit Skade (soos hierin omskryf) voort te spruit, met dien verstande dat sodanige gebeurtenisse beperk word tot gebeurtenisse wat plaasvind in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

## **Spoorweg-, pad- en lugdienste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van Skade (soos hierin omskryf) by die ondervermelde liggings en aan ondervermelde eiendom word geag verlies te wees vanweë Skade (soos hierin omskryf) aan eiendom wat deur die Versekerde by die persele gebruik word:

1. by die persele en eiendom van enige spoorwegdiens;
2. by die persele en eiendom van enige lughawe of terminaalfasiliteit insluitende lugvaartuie;
3. by die persele van enige skeepsterminaal of vraglaai-fasiliteit;
4. aan enige pad, tonnel, brug of dienstoegangspad wat daarmee verband hou;
5. aan enige padvoertuig wat aan 'n klant van die Versekerde behoort of padvervoerdiens.

Met dien verstande dat:

1. sodanige Skade nie teweeggebring is nie deur die regstreekse of onregstreekse optrede van enige party, wat insluit stakings, arbeidsoproer, kwaadwillige beskadiging of die bedoeling daarvan of politieke inmenging;
2. indien sodanige onderbreking of belemmering voortspruit uit meganiese of elektriese of elektroniese onklaarraking, daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding bestaan vir onderbreking of belemmering van die besigheid nie tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur vanaf die aanvang daarvan voortduur.
3. sodanige Skade beperk is slegs tot daardie persele wat geleë is, of eiendom binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

## **Onklaarraking van lugtoevoer** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die versuim van enige lugtoevoerstelsel wat die verkoelings- of verhittingsvereistes van die Versekerde se persele beheer word geag as synde uit Skade (soos hierin omskryf) voort te spruit met dien verstande dat indien sodanige onderbreking of belemmering voortspruit uit meganiese of elektriese of elektroniese onklaarraking, daar geen dekking ingevolge hierdie uitbreiding bestaan nie.

Vir interne makelaargebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge